KOMMUNIKAMMA 24 MEI 2020

Kontakpersone, indien u meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:
U blokouderling of -diaken
Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Dr Deon Els: 072 276 7555; els_deon@yahoo.com
Ds MG van Rooyen: 041-3600665; 083 413 7100; mgvanrooyen@telkomsa.net

VERS VIR DIE WEEK
Hebreërs 11:6
"As jy nie glo nie is dit onmoontlik om God tevrede te stel. Wie tot God wil nader, moet glo dat Hy werklik daar is en dat Hy die wat na Hom soek, daadwerklik beloon."

EREDIENSTE
Eredienste word beskikbaar gestel op Kraggakamma gemeente se webblad, facebookblad en YouTube kanaal. Maak asb. seker jy "SUBSCRIBE" sodat jy niks sal mis nie. Inligting en skakels na boodskappe word ook op die webblad beskikbaar gestel.

SAKE VIR GEBED:
Dit is Pinkstertyd – bid dat die Heilige Gees kragtig sal werk in mense se lewens en ons beGEEsterd sal lewe.
Dank God vir lieflike reën wat op baie plekke geval het na baie jare van droogte. Bid vir reën in ons opvangsgebied.
Vir ons President. Dank God dat hy 'n gelowige is en dat hy sy leiding by die Here soek.
Bid vir Onderwys, die Departement, skole en almal betrokke by heropening van skole
Vir almal in die voorste linies, Gesondheidsdienste, veiligheidsdienste ens.
Pleit vir God se beskerming teen en leiding deur Covid-19.
Besighede: Leiers/eienaars van besighede. Uitdagings en besluite wat geneem moet word. Baie besighede het ondersteuning nodig.
Vir werkloses en die wat vrees dat hulle nou afgedank kan word.
Families wat swaarkry, fisiek, emosioneel en geestelik.
Vir kinders, tieners en veral matrieks.
Vir almal wat geliefdes verloor het:
Johan Postma se broer se seun is oorlede.
Pieter Gerber se ma is oorlede.
Ondersteuning van ons Voedsel Projek by NG Kerk PE Noord.
Ons 2 predikante. Hulle is altyd daar, gereed en bereid om met raad en daad by te staan.
Dankie vir Sy groot genade.

NOOD
Indien iemand enige nood het of hulp nodig het, kontak ons. Laat weet asseblief ook as u 'n enkellopende of ouer persoon is wat hulp nodig het met iets soos bv aankope.

KOMMUNIKASIE
Indien jy nog nie die gemeente se WHATSAPP KOMMUNIKASIE ontvang nie, stuur asseblief jou naam in 'n WhatsApp aan 071 493 5998. Maak seker dat jy hiérdie nommer as 'n kontak op jou foon stoor om sodoende die nuutste gemeente inligting te ontvang.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

24 Mei	Milan Geyser, Martin le Roux, Tiaan Lourens, Theo Maree, Giel Meyer en Martyn Nell
25 Mei	Ciellie Collins, Coritha du Toit, Ian Landman, Karu Rademeyer en Nadia Slabbert
26 Mei	Hannes Vermaak en Johan Vermaak
27 Mei	Mariette Jeary, Abrie Landman, Sharné van Rynevel en Hardus Viljoen
28 Mei	Willie Bezuidenhout, René Hedderwick, Pieter Rademeyer, Sharné Vermaak en Johan Westraadt
29 Mei	Deon Els, Ina Retief en Liandri Vorster
30 Mei	Careen Hamilton, Leah Lotter en Adri Viviers

BBP ISOLASIE FEESERASIE – EERSKOMENDE SATERDAG!!

(BBP staan vir **B**lom waar jy geplant is, **B**raai en **P**annekoek) op 30 Mei 2020

Omdat Kermis nie tydens inperking kan plaasvind nie, het ons dit voorlopig verskuif na Vrydag 30 of Saterdag 31 Oktober 2020.

Ons vier 'n dankbaarheidsfees oor al ons seëninge wat te veel is om te tel.
En feesvier is 'n noodsaaklike deel van ons lewens. Inligting is reeds op Wattsapp uitgestuur en u kan ook op ons webblad gaan kyk. Kom vier saam fees!!

HULP AAN PE-NOORD

Ons ondersteun NG Kerk PE Noord in hul bediening om voedsel te voorsien aan 278 gesinne wat broodgebrek ly. Dankie vir almal wat reeds kos of kontant geskenk het. Daar is 'n mooi klomp kos geskenk en, teen Woensdag 13 Mei, is reeds R 12 050 inbetaal. Ons wil PE Noord bly ondersteun. Skenkings kan elke Dindsdag gegee word. Insameling inligting is reeds op Wattsapp uitgestuur en u kan dit ook op ons webblad kry. Vir meer inligting, kontak Sonja Spies by 084 516 4925.

DANKOFFER

Die eerste 2 maande van ons nuwe finansiële jaar is verby en ons kon ons noodsaaklikste uitgawes betaal. Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae.
Ons het erediensdankoffers en nou ook vir eers die kermis as groot bron van inkomste verloor. Ons versoek u om steeds die Here met u finansiële offer van dankbaarheid te bly dien.
Die dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening inbetaal word of deur middel van Snapscan betaal word. Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005

WHATTSAPP VIDEO

Indien iemand sukkel met data en verkies om 'n baie kort opsomming van sondag se boodskap as Wattsapp video te ontvang, kontak vir Niekie.

PINKSTER 2020
Tema: Leef beGEESterd
'n Kort boodskap sal elke dag beskikbaar gestel word. Lees vooraf biddend die teksverse en laat toe dat die Gees jou vorm.
Maandag 25 Mei 2020
Duif - Die duif is miskien die bekendste simbool vir die Heilige Gees in die Skrif.
(Matteus 3:16-17 en Matt 10:16)
Dinsdag 26 Mei 2020
Vuur - Met die klem op suiwering is vuur 'n simbool van die Heilige Gees se krag en teenwoordigheid.
(Hand 2:3-4 en Matteus 3:11)
Woensdag 27 Mei 2020
Water - Water simboliseer die reinigende aard van die nuwe geboorte deur die Heilige Gees.
(Joh 7:38-39 en Johannes 4:14)

GEMEENTEBIDUUR
Ons hou elke Woensdagaand om 18:00 'n gebedsgeleentheid op Zoom. Kontak asb met Niekie indien jy wil inskakel en saambid.

VERJAARSDAG
Deon Els verjaar Vrydag. Baie geluk! Dankie dat jy toelaat dat die Here, deur sy Gees, jou gebruik om ons lewens te verander. Ons bid die Here se seën op jou en jou hartsmense af.

ADVERTENSIEBLAD
Ons gaan 'n advertensieblad saamstel om gemeentelede kans te gee om hulle besighede tydens die inperking gratis te adverteer. Gemeentelede wat wil adverteer, kan 'n e-pos aan Niekie stuur by kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za. Die advertensies sal op whatsapp en facebook uitgestuur word. Die inligting sal ook in die weeklikse kommunikamma verskyn.

Cornel Strydom van Debt Review Centre
Cornel bied die volgende dienste gratis aan alla gemeentelede aan:
1. Persoonlike Krediteure
Hier help ons individue met hulle persoonlike skuld. Daar is verskeie opsies tot hulle beskikking waarmee ons hulle kan adviseur. Dit strek vanaf self-help vir korttermyn probleme tot skuldberading vir die meer ernstige gevalle. Ons sal eers met die persoon elektronies of telefonies konsulteer om beter begrip te kry van hulle huidige finansiele posisie waarna ons hulle beter kan adviseur. Sou hulle meer inligting wil kry oor ons firma of ons dienste is hulle welkom om ons webwerf www.debtreviewcentre.co.za te besoek.
Anders kan hulle my kontak op 082 460 2049 of cornel@debtreviewcentre.co.za sou hulle enige advies nodig het.

Daar is geen kostes verbonde hieraan nie aangesien hierdie deel vorm van ons gemeenskap ondersteuningsprojek vir die jaar.

2. Besighede / Besigheidseienaars
Ons verleen ook hulp aan besighede. Daar is verskeie opsies vir besighede om hulle krediteure onder beheer te hou gedurende hierdie moeilike tyd. Ons dienste strek vanaf tussentydse finansiele konsultant tot formele besigheidsredding. Voor ons kan advies lewer konsulteer ons met die kliënt elektronies of telefonies om die besigheid se posisie te bepaal, waarna ons vir hulle advies kan lewer.